85/87

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF
BIBLIOTEEK
1987-09- 10
LIBRARY
REGISTRAR, SUPREME COURT
OF SOUTH AFRICA

ANTON WERNER STOOP Appellant

en

DIE STAAT Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ANTON WERNER STOOP Appellant

en

DIE STAAT Respondent

Coram: JOUBERT, VIVIER, ARR *et* BOSHOFF Wn AR

Verhoor: 4 September 1987

Gelewer: 10 September 1987

---

U I T S P R A A K

BOSHOFF, Wn AR:

Die appellant en sy twee medebeskuldigdes Willem Jansen en Francois Johannes Bester was in die

Witwatersrandse.../2

Witwatersrandse Plaaslike Afdeling voor 'n regter en twee assessore daarvan aangekla dat hulle op 24 Februarie 1986 naby Krugersdorp vir David Ovemile Mthutang vermoor het. Die appellant is skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede en die doodstraf opgelê. Willem Jansen, na wie ek sal verwys as beskuldigde 2, is skuldig bevind aan poging tot moord en Francois Johannes Bester, na wie ek sal verwys as beskuldigde 3, is skuldig bevind aan aanranding met die doel om ernstige letsels te berokken.

Die appellant is verlof gegee om te appelleer teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie asook teen die doodstraf wat opgelê is.

Die feite wat aanleiding gegee het tot die aanklag teen die appellant en sy twee medebeskuldigdes soos grotendeels deur die verhoorhof bevind, kom kortliks op die volgende neer. Die drie van hulle was vriende en het saam met die appellant in sy broer se motorkar na die Witpoortjie hotel gegaan om te drink. Dit is 'n luikrug-motor met twee deure en 'n groot deur agter waar 'n motorkar se bagasiebak normaalweg is. Hulle is tussen 22h00 en 23h30 van die hotel weg om 'n dame by haar huis te gaan aflaai. Die appellant het die motorkar bestuur. Op appellant se voorstel is hulle vandaar na 'n ander vrou se huis om daar besoek af te lê. Daar was alreeds ander mans gewees en hulle het toe besluit om huis toe

te gaan en sou beskuldigde 3 eerste by sy huis aflaai. Hulle het by die Pick-'n-Pay winkelsentrum verby gery toe appellant skielik remme aangeslaan het en uitgeklim het om 'n swartman wat toe weggehardloop het, te agtervolg. Dit is heeltemal onseker wat die oorsaak van hierdie optrede van die appellant was. Hy sou vir een van die beskuldigdes gesê het dat die swartman 'n "lelike teken" vir hom gegee het. Die swartman wat later die oorledene in die saak geword het en na wie ek geriefshalwe as die oorledene sal verwys, het gevolg deur die appellant in die parkeergronde van die winkelsentrum in gevlug. Beskuldigde 3 het agter die stuurwiel van die motorkar ingeklim en hulle in die parkeergronde gevolg. In

die parkeergronde het hy voor die vlugtende oorledene ingesny en die appellant in staat gestel om hom in te haal. Die appellant het hom platgeslaan en sy twee medebeskuldigdes het uit die motorkar geklim en aldrie van hulle het die oorledene aangerand deur hom te skop en te slaan. Op een stadium het die appellant wydsbeen oor die oorledene gestaan, sy kop opgetel en dit teen die teeroppervlakte gestamp. Hulle het ook op die oorledene gespring. Aan die begin van die aanranding het die oorledene 'n mate van weerstand gebied maar naderhand bewusteloos geraak. Die appellant en sy twee medebeskuldigdes het die oorledene agter in die bagasiebak gelaai. Daar is 'n dun partisie tussen die bagasiebak en die agterste

sitplek. Die oorledene het agter in die bagasiebak weer begin regkom en begin skop. Die appellant en sy twee medebeskuldigdes het met hom na 'n oop veld in Mindalore, 1,1 km van die winkelsentrum af, gery. Daar het die appellant die bagasiebak oopgemaak en die oorledene het uitgeklim en probeer ontvlug. Appellant het die oorledene weer aangerand. Sy twee medebeskuldigdes het uit die motorkar geklim en appellant gehelp. Uiteindelik het die oorledene op die grond beland met die appellant bo-op hom. Die appellant het hom toe met 'n klip teen die kop geslaan. Beskuldigde 3 het in die tussentyd *naar* geword van die drank wat hulle gedrink het, begin vomeer en in die motorkar geklim. Die appellant

het die oorledene met sulke geweld aangerand dat beskuldigde 2 die appellant van die oorledene moes af forseer. Die appellant het weer op die oorledene geklim en hom weereens met die klip geslaan. Beskuldigde 2 het vir beskuldigde 3 geroep om hom te kom help en hulle twee moes al hulle krag inspan om die appellant van die oorledene af te trek. Die oorledene het heeltemal pap geraak en geen tekens van lewe meer getoon nie. Volgens die twee medebeskuldigdes het hy egter nog geroggel. Die appellant het toe daarop aangedring dat hulle hom weer in die bagasiebak laai. Appellant het beskuldigde 3 gevra om die motorkar te bestuur en soos later geblyk het was hy van plan om die oorledene in die ry agter uit die bagasiebak te

gooi......./8

gooi om die indruk te skep dat hy sy beserings in 'n tref-en-trap ongeluk opgedoen het. Beskuldigde 3 het agter die stuurwiel ingeklim en weggery terwyl die appellant en beskuldigde 2 met hulle knieë op die agterste sitplek gestaan het met hulle gesigte na agter gekeer sodat hulle direk op die oorledene in die bagasiebak kon kyk. 2,3 Km verder op die Chamdorpad het beskuldigde 3 agtergekom dat daar iets agter in die motorkar aan die gang is en dat die bagasiebak se deur oop is. Hy was oortuig dat die appellant en beskuldigde 2 die oorledene agter uitgegooi het. Hy het onmiddellik remme aangeslaan en stilgehou en vir appellant en beskuldigde 2 gevra wat hulle makeer om die man so op die pad uit te gooi.

Appellant het self agter die stuurwiel ingeskuif en teruggery na waar die oorledene in die pad gelê het. Daar het 'n motorkar aangekom en appellant het met sy voertuig oor die oorledene stilgehou om hom vir die aankomende motorkar te verberg. Toe die motorkar verby is het hulle die oorledene weer in die bagasiebak gelaai. Daarvandaan is hulle na 'n vulstasie om brandstof in te neem. Die vulstasie is 3,5 km vanaf die plek waar die oorledene uitgegooi was. Beskuldigde 3 het weer naar geword en daarna aan die slaap geraak. Vanaf die vulstasie het hulle deur Krugersdorp gery en met die Hekpoortpad in die rigting van die Sielsieke Inrigting gery tot naby die inrigting waar hulle stilgehou het, 'n

distansie van 13,3 km. Daar het hulle die oorledene uit die bagasiebak getel. Beskuldigde 3 het weer naar geword en in die motorkar geklim waar hy aan die slaap geraak het. Appellant en beskuldigde 2 het die oorledene 'n endjie van die pad af gedra en daar sy liggaam verbrand. Dit was toe na 23h30. Van daardie plek is hulle na beskuldigde 2 se woonstel waar beskuldigde 3 sy klere vervang het met klere wat hy van beskuldigde 2 gekry het omdat sy eie klere vol braaksel was. Appellant het toegesien dat sy twee medebeskuldigdes ook eers beskuldigde 3 se braaksel van sy broer se motorkar afwas. Daarna het die appellant vir beskuldigde 3 huis toe geneem en na hy afgelaai is, self huis toe gegaan. Vanaf

die winkelsentrum tot by sy eie huis het hy nie minder as 40,9 km met die motorkar gery nie en ook dwarsdeur Krugersdorp gery. Behalwe vir die 2,3 km wat beskuldigde 3 bestuur het, het die appellant self die hele entpad bestuur. Daarby kan nog gevoeg word die distansie wat hy bestuur het vanaf die hotel tot waar hulle die dame by haar huis afgelaai het en die draai wat hulle gery het om 'n ander vrou te besoek voordat hulle by die winkelsentrum uitgekom het. Die polisie het die verbrande lyk die volgende oggend gekry.

Dr Kemp het die nadoodse ondersoek gedoen en bevind dat die oorledene nog geleef het toe hy verbrand is en dat die verbranding die uiteindelike oorsaak van

sy dood kon gewees het. Daar was 'n gebreekte rib wat deur 'n skop veroorsaak kon gewees het. Daar was ook 'n maagspier wat bloed in gehad het. Die bloeding kon veroorsaak gewees het deur 'n harde hou op die maag. Die liggaam was egter so erg verkool dat dit nie moontlik was om enige ander oorsaak van dood as verbranding vas te stel nie.

Nadat die appellant aan moord skuldig bevind is, het mnr Wepener wat nou en toe ook namens die appellant opgetree het, die getuienis van mnr Basil Russell Carnie, 'n kliniese sielkundige en psigoterapeut, wat 'n verslag saamgestel het oor die appellant, voor die hof gelê. Hy het 'n persoonlikheidsevaluering van die appellant

gedoen en mnr Wepener het in 'n groot mate daarop gesteun in sy betoog dat die moord met versagtende omstandighede gepleeg is. Mnr Wepener beroep hom nou weer onder meer op Carnie se evaluering van die appellant en betoog dat die verhoorhof ten onregte nie die kumulatiewe uitwerking van die verskillende faktore wat die appellant se optrede die betrokke aand beïnvloed het, in aanmerking geneem het nie.

Die faktore waarop hy hom beroep is die appellant se relatiewe jeugdigheid saamgesien met sy emosionele onvolwassenheid en sy onder gemiddelde intellektuele vermoë, sy drankinname, sy impulsiewe optrede, sy skoon rekord en die feit dat die toepaslike

_dolus_ bestaan het uit _dolus eventualis_.

Voordat daar met hierdie betoog gehandel word is dit nodig om in gedagte te hou dat dit nodig was vir die verhoorhof om as volg te werk te gaan om te bepaal of daar versagtende omstandighede is. Die verhoorhof moes vasstel of daar omstandighede is wat betrekking kon gehad het op die geestesvermoëns of gemoed van die appellant, dan oordeel of sodanige omstandighede die appellant wel beïnvloed het en indien daar positiewe bevindings in hierdie opsig is, oordeel of die beïn-vloeding van so 'n aard was dat die appellant se daad volgens die mening van die verhoorhof daardeur as minder laakbaar of verwytbaar beskou kan word, kyk _S v Babada_

1964(1) SA 26 (A) 27H-28A.

Die verhoorhof het bevind dat daar geen versagtende omstandighede is nie en hierdie hof kan teen hierdie bevinding van die verhoorhof ingryp slegs indien daar 'n dwaling of 'n wanopvatting van die feite of die reg was of indien geen redelike hof tot daardie slotsom kon gekom het nie, kyk S v Manyathi 1967(1) SA 435 (A) op bladsy 439 D-F, en S v Bowers 1971(4) SA 646 (A) op bladsy 649 A-E.

Carnie het sy evaluering van die appellant se persoonlikheid gemaak uit hoofde van onderhoude wat hy met hom en sy familielede gehad het. Hy het nie

die verhoor van die appellant bygewoon nie behalwe dat hy skynbaar die laaste oggend teenwoordig was. Sy inligting van die saak self het hy verneem van wat aan hom in die hof gestel is en wat die appellant se advokaat aan hom meegedeel het. Uit wat hy verneem het van die appellant se ervarings tuis en op skool in sy jonger jare en van sy optrede en reaksies was hy van mening dat die appellant aan 'n minderwaardigheidskompleks ly, 'n persoonlikheidsamestelling wat daartoe aanleiding gee dat hy graag om ander te imponeer die indruk wil skep dat hy 'n persoon is vol bravade en waagmoed. Dit kom veral na vore in groepsverband waar hy saam met maats of andere is. Dit veroorsaak ook dat hy soms impulsief optree

veral....../17

veral in stres-situasies. Carnie het hom as emosioneel onvolwasse beskryf. Volgens hom is dit moeilik om emosionele ontwikkeling te kwantifiseer maar as hy kwalitatief daarna moet verwys is daar sekere aspekte in sy gedrag wat 'n mens laat dink aan 'n persoon van 16, 17 jaar oud waarna 'n mens as 'n laat adolessensie sou verwys. Hy kwalifiseer die stelling dan weer onmiddellik daarna deur te sê dat daar ander aspekte is waar daar 'n groter mate van verantwoordelikheid na vore kom.

Volgens Carnie sou die inname van drank die appellant se inhibisies verminder en die trekke van sy persoonlikheidssamestelling vererger. Na sy mening dui die appellant se oordrewe reaksie die betrokke aand op

'n blykbaar onbeduidende provokasie wat gelei het tot die eerste aanranding by die winkelsentrum daarop dat die drank wat hy ingeneem het wel 'n invloed op hom gehad het. Hy beklemtoon egter dat die appellant se persoonlikheidsamestelling die primêre oorsaak van sy impulsiewe en bykans onverklaarbare optrede was en dat die inname van drank bloot net aanvullend was. Carnie het toegegee dat daar ander faktore na die eerste aanranding teenwoordig was wat die benadering ten opsigte van die appellant se persoonlikheidsamestelling en drankinname heeltemal verander. Hy kon paniekbevange gewees het toe die appellant met die eerste aanranding bewusteloos geraak het, hy kon uit woede opgetree het toe hy vind

dat die oorledene agter in die bagasiebak sy broer se motorkar stukkend skop en hy kon nog erger paniekbevange geraak het toe hy gedink het dat hy die oorledene met die klip doodgeslaan het vandaar die plan om hom uit die bewegende motorkar te gooi sodat die indruk geskep kon word dat die oorledene in 'n tref-en-trap ongeluk omgekom het. Om hierdie klaarblyklike redes getuig hy aan die einde van sy getuienis dat vanweë die persoonlikheidssamestelling en drankinname daar slegs by die eerste aanranding op die oorledene van verminderde verwytbaarheid gepraat kan word. Dit blyk uit die volgende vrae en antwoorde:-

"Wat ookal sy sielkundige agtergrond mag

> wees wat hom aanvanklik die ding laat doen het of wat ookal --- Daar is nie verminderde verwytbaarheid wat die laaste deel van sy optrede aanbetref nie. Die verminderde verwytbaarheid vir my lê in die --- (Hof kom tussenbeide)
>
> By die eerste aanranding --- Korrek U Edele, ja.
>
> En nie vanaf daardie punt verder nie --- Dis korrek."

Volgens die bevinding van die verhoorhof was dit die aanrandings na die eerste aanranding wat die grondslag van die moordaanklag was.

Ten opsigte van die drankinname het die verhoorhof as volg bevind:-

> "Ons het alreeds bevind dat wat ookal die drankinname gewees het, en daar was

> drankinname, dit is so, getoets aan die feite en die optrede deur die beskuldigdes soos deur hulleself verskaf en soos wat klaarblyklik gebeur het, dit heeltemal deur hulle oorbeklemtoon is en grotendeels gebruik is as 'n gerieflike skuifmeul en 'n skuiling waaragter hulle kan skuil vir hulle wandade. Beide fisies en verstandelik tree hulle ten alle tye op op so 'n manier wat die afleiding dat die drank 'n besondere daad beïnvloed het in die mate dat dit die rede is waarom 'n besondere daad gepleeg is, dit heeltemal negativeer."

Die appellant was ten tyde van die pleging van die moord 23 jaar oud. Hy het sy militêre diensplig reeds agter sy rug gehad en was alreeds in 'n vaste betrekking. Verstandelik het hy nie juis op skool presteer nie maar hy het darem daarin geslaag om 'n praktiese matrikulasie eksamen te slaag. Volgens Carnie is hy

iemand met "laag gemiddelde intellektuele vermoëns." Soos deur Carnie getuig kon die inname van drank ŉ aanvullende rol gespeel het by sy persoonlikheidssamestelling toe hy met die eerste aanranding oormatig gereageer het op geringe en onsekere provokasie. Sy optrede self toon egter dat hy heeltemal gekoördineerd en selfstandig kon optree. Hy het alleen die oorledene agterna gesit, hom ingehaal en platgeslaan. Hy het self al die besluite geneem hoe verder opgetree moes word. Hy het die motorkar bestuur. Toe die oorledene die motorkar stukkend skop in die bagasiebak het hy stilgehou en die bagasiebak oopgemaak en die oorledene weer aangerand met so ŉ doelgerigtheid en sulke geweld dat sy mede-

beskuldigdes hom van die oorledene moes af forseer. Hy het besluit op die plan om die oorledene uit die bewegende motorkar te stoot om die indruk te skep dat hy in 'n tref-en-trap ongeluk beseer is. Na hy afgegooi is het hy die motorkar terug bestuur na die oorledene en besef dat die oorledene verberg moes word toe daar 'n ander motorkar opdaag. Hy het daarna skynbaar besef dat die val uit die motorkar nie die gewenste uitwerking gehad het nie en dat die liggaam nie gelyk het asof dit in 'n tref-en-trap ongeluk betrokke was nie. Hy het toe besluit om die liggaam aan die anderkant van Krugersdorp te gaan verbrand en nie daar waar die ander motorkar by hulle verby is nie. Hy het die motorkar vir meer as 40 km

bestuur......./24

bestuur en ook deur die dorp gery. Die hele episode het oor meer as 'n uur afgespeel. By die woonstel van beskuldigde 2 het hy sy twee medebeskuldigdes opdrag gegee om eers die motorkar skoon te maak. Hy het duidelik 'n leiersrol vervul die betrokke aand en geko-ordineerd, helder en berekend genoeg gewees om al die nodige besluite te neem en uit te voer. Na die eerste aanranding was daar geen sprake van enige impulsiewe optrede aan sy kant nie. Sy skoon rekord het in geen enkele opsig enige betrekking gehad op sy geestesvermoëns of gemoed nie. Die dolus eventualis wat die verhoorhof bevind het, was toe te skrywe aan die feit dat die oorledene nog geleef het toe hy verbrand is en dat vanweë die

verkoling van sy liggaam dr Kemp slegs kon getuig dat verbranding die oorsaak van sy dood kon gewees het. Daar was dus afgesien van die getuienis van die gebreekte ribbebeen en die bloed in die maagspier geen mediese getuienis van wat die oorledene se toestand was toe besluit is om hom te verbrand nie. Die aanduidings is dat die appellant aanvaar het dat hy hom doodgemaak het en besluit het om die liggaam te verbrand om sodoende te verhinder dat die tekens aan sy liggaam wat aangebring is deur die aanrandings wat vroeër op hom gepleeg is, herkenbaar is. Op die getuienis was die verhoorhof nietemin geregverdig om te bevind dat die appellant die oorledene met <u>dolus eventualis</u> vermoor het. Aangesien

die oorledene inderdaad nog gelewe het, het die appellant wetens... dat verbranding hom kan dood indien hy nog sou gelewe het, hom verbrand sonder om enigsins om te gee of dit hom wel sal dood.

Mnr Wepener het in die verhoorhof betoog dat die faktore deur hom aangevoer kumulatief oorweeg moes gewees het. Alhoewel dit miskien nie so duidelik uit die uitspraak mag blyk nie kan daar geen twyfel wees dat dit wel gedoen is nie. Hierdie genoemde faktore, selfs kumulatief geneem, het wat die handelinge wat die dood van die oorledene veroorsaak het geen betrekking gehad op die appellant se geestesvermoëns of gemoed nie. Dit kan gevolglik nie gesê word dat die faktore die appellant

enigsins beïnvloed het by die pleeg van die moord nie. Hierdie slotsom strook met die mening wat Carnie uitgespreek het asook met die bevinding van die verhoorhof.

Mnr Wepener het gevolglik nie daarin geslaag om hierdie hof te oortuig dat die verhoorhof in enige opsig misgetas het nie.

Die appèl word bygevolg van die hand gewys.

WAARNEMENDE APPÈLREGTER

JOUBERT, AR)
VIVIER, AR) stem saam